LIGDRAERS VAN GOD

MIDWEEK

Nuusbrief van NG Nelspruit-Suid
013 – 744 1925

Beste Lidmaat en gesin,

Advent - Hoop

Skriflesing uit Lukas 1:5-25

Afwagting/verwagting en hoop is deel van die Kersfeesverhaal. Die volk van God het met hoopvolle verwagting elke dag gewag vir die koms van die beloofde Messias. Die verhaal van Sagaria en Elisabet in Lukas 1 is 'n waardevol les van Bybelse hoop. Bybelse hoop is selfversekerde/eerder die Goddelike versekering dat God sy beloftes sal vervul. Ons kan nou anders leef omdat ons weet wat in die toekoms gaan gebeur.

Ons leer in vandag se teksgedeelte dat Sagaria en Elisabet was Israeliete wat geglo het dat God hulle nie verlaat het nie en dat die Messias eendag sal kom. Terwyl ander getwyfel het, het hulle bly glo. Omdat hulle hoop in God en sy beloftes was, het hulle bly leef in die afwagting van die Messias se koms. Psalm 39:8 lees: “Is daar nog hoop vir my, Here? U is my enigste hoop”.

Die harde realiteit van die lewe is dat daar sal pyn, hartseer, swaarkry en teleurstelling wees. Om hoop te hê, is nie die afwesigheid van probleme nie, dit is om in staat te wees om steeds hoopvol te wees ten spyte daarvan dat dinge nie uitwerk soos ons dit wil hê nie. Hierdie struwelinge en beproewinge gee ons die geleentheid om hoopvol te wees. Onthou, dit beteken nie dit gaan maklik wees nie.

Sagaria was 'n Godvresende man, hy het alles gedoen wat van hom verwag was, maar steeds was hy vasgevang hangend tussen verlede, hede en toekoms. Hy weet wat God reeds vir Israel telkemale gedoen het in die verlede en hulle leef in die hoop dat die Messias sou kom. En dan wanneer dit waarvoor hy gebid het, waar word, dan kan hy dit nie glo nie.

Wat is ons verskoning? Wat is ons redes? Ons ken Jesus, ons weet dat Hy ons gered het van die sonde en die dood en dat Hy weer kom, daarin is ons geloof en hoop gevestig.

As volgelinge van Jesus in die moderne tyd, trek ons voordeel, ons baat daarby om verder in die geskiedenis van die Messias te wees. Hy kom aarde toe as 'n baba, leef tussen die mens, Hy verrig wonderwerke en leer oor 'n nuwe manier van om die lewe

te leef. Hy word eventueel vermoor en begrawe, net om drie dae later uit die dood uit op te staan en so verander Hy geheel die trajek van menslike geskiedenis. Daarom kan ons 'n diep en vreugdevolle hoop hê, maak nie saak wat ons lewe in die gesig staar nie.

In 2 Kor. 1:10 herinner Paulus die lesers dat hulle hulle hoop in God kan plaas, want Hy het hulle al van te vore telkemale gered. Ons kan na God se getrouheid kyk oor geslagte heen hoe Hy sy kinders gered het en daarin hoop vind vir ons eie redding. Vir tyd en wyl, maak hoe ons wag saak. Selfs al is dit moeilik om te sien wat die volgende stap is.

So Sagaria probeer sin maak, hy probeer verstaan wat hierdie nuus beteken dat hy en Elisabet uiteindelik ouers gaan word. Hy probeer sin maak van dit, want dit maak glad nie sin nie. En dan hoor ons die engel Gabriel se antwoord in vers 19. Die 2020 vertaling stel dit so mooi: “Ek is Gabriël , wat in die teenwoordigheid van God staan. Ek is gestuur om met jou te praat en hierdie goeie boodskap vir jou te bring.”

Dit is die antwoord. Dit is hoe enige van dit moontlik is. God. Ons leef in 'n tyd waar daar so baie ander mense, dinge, idees en oortuigings is, waarin ons ons hoop kan sit. Eerlik waar, van dit kan ons selfs laat beter voel vir 'n oomblik. Maar ons weet dit sal net vir 'n oomblik hou, dit is tydelik. 'n Hoop in omstandighede is flou – die enigste ding/Persoon wat die moeite werd is voor om te wag is Jesus.

Die Bybel leer ons dat Jesus is ons lewende hoop. 1 Petrus1:3 sê: “Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe!In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop...” Ons dien 'n lewend God en lewende Verlosser. En Hy is met ons. Hier en nou, dag in en dag uit. Wanneer ons ons hoop in Jesus plaas, in stede van die dinge rondom ons, dan kan ons ons lewens leef op die vaste fondasie van ons Verlosser wat vir onslief is en ons nooit sal verlaat nie. Soos wat jy in hierdie Advent seisoen ingaan, sit jou hoop in Jesus en sy beloftes. Laat staan wat die wêreld vir jou probeer bied – 'n tydelik bron van hoop. Die objek van jou hoop bepaal hoe jy jou lewe leef. Amen.

Gebed: Here, Jesus, U is ons lewende hoop! Mag ons oë en hoop altyd op U gevestig wees, totdat U terugkeer om ons te kom haal. Amen.

Vir volledige videoboodskap oor die tema, **klik hier.**

Knie-aksie

Bid asb vir lidmate wat ongesteld is, herstel na operasies of tans in die hospitaal is:

Jacobus Botha (Magdaleen Lange se broer)
Henk Craig (Jace Craig se seun)
Marlie Hagen (dogter van DC en Annelize Human)
Annatjie Hefer
Janet Starbuck
Jo Viljoen
Les Williams

Lynn Van Staden

Die Bybelstudie is beskikbaar op YouTube, **Klik hier vir video**.

Verjaarsdae 75jaar en ouer
Baie geluk aan...

Desember

10de	-	Rina Kilian
12de	-	Annetjie Kroukamp
13de	-	Johan Nieuwenhuizen
	-	Etienne De Villiers
14de	-	Willem Burger
21ste	-	Alfreda Viljoen
23ste	-	Irene Hanekom
24ste	-	Petro Howse
	-	Jan Struwig
25ste	-	Fransie Smit
	-	Poppie Van Heerden
	-	Koos Mol
26ste	-	Liefie Joubert
	-	Puella Collins
28ste	-	Betsie Jansen van Rensburg

Twee Poste beskikbaar by Westergloed Gemeente:

- Finansiële Beampte
- Saakgelastigde

Volledige advertensie is by die kerkkantoor beskikbaar.

PROJEK 500

500 Geskenke vir Senior Burgers

Sakkies by deure, bring terug voor of op
Maandag 11 Desember 2023
Handig in by kerkantoor of Sondae by Kerk

Lidmate wat by dienste lewer:

Algemene Praktisyn: City Health, Henshallstraat 21, Winkel 6B. Woensdae R350 konsultasiefooi vir pensionarisse. Dr Sentene Goosen by 078 389 2444.

Verkoop of koop van u eiendom: Skakel Miemie Ferreira by 0834682058

Verskaf en vervang rou riempies: Skakel Dewald 082 680 5806.

Glasfit. Alle motor en huis glas, Windskerm-*chip repairs*, *Motor Smash and Grab* tint, Huis Tint, Xpanda sekuriteits produkte, alle motor rubbers en *clips*. Sekelbos en Hardekool braaihout Skakel Henri 082 551 7779.

Windskerms & Ruite: Vervang en herstel. Skakel Maritha Snyman by 084 589 0620

Algemene Instandhouding en Onderhoud : Skakel Hennie Venter by 082 927 3638

Shekaina Design & Landscaping: Skakel Hennie Venter by 082 927 3638.

Lost Trail Gastehuis: Skakel Annelize by 082 462 5548

Benodig jy hulp met klein takies? Gerald Visser help graag. Skakel hom by 072 313 5640

CM on the go Accounting and HR Services: Payroll, boekhouding, CIPC, persoonlike- en besigheidsbelasting, ens. Skakel Charmain Mitchell 082 493 3557

ITNS: Rekenaar herstelwerk, harde- & sagteware, opgraderings, network ontwerp, hoofrekenaar installering en onderhoud, virus verwydering, ens. Skakel vir Pieter Van Den Bergh by 0824509452

Organiese groente-aanvulling: Bou jou immuunstelsel met organiese groente- poeiers, kry leiding in goeie eetgewoontes. Yolanda De Villiers by 082 819 6977

GoFocus Learning Centre: Remediërende hulp aan leerders met disleksie, ADD, ADHD. Lees, begrip, spelling, handskrif ens. Ontwikkel deur disleksie spesialis. Kontak Freda Grobler by 0824151508

Tyres & More: Bande, nitrogen, remme, skokbrekers, batterye, diens van voertuie uit waarborg, suspensie parte ens. H/v Emnotweni & Madiba Rylaan. Kontak vir Charles Bodemer by 013 752 4388

Werksgeleentheid:

Boekhouer vir Fisioterapiepraktyk: Rekeningkundige kwalifikasie. Vir meer inligting skakel Elzette Kruger by 082 446 2282

Egpaar soek een- of tweeslaapkamer woning om te huur. Skakel Annetjie Klopper 076 309 0004

SUID Onderlinge Sorg

Mag u ‘n Geseënde Christus-feestyd beleef!

Vriendelike groete,
Jean, Louis en Gerrit

Indien jy nie meer die Midweek wil ontvang nie, klik op “Unsubscribe” skakel hieronder.
Unsubscribe